

## **April 2008**

Marianne Meyer het gedurende die hele April weer die jaarlikse genealogiese uitstalling in die Bellville biblioteek opgestel. Behalwe vir die biblioteekpersoneel, het sy die medewerking van Lois Harley van die Cape Town Family History Society en GGSA (WK) lede Graham Dickason en Koos Holtzhauzen gehad. Mnr Dickason se aanbieding het gehandel oor sy familie wat uitgewyk het uit S.A na Comodoro, Rivadavia in Argentinië. Dr Holtzhauzen het stof oor ou Bybel inskripsies beskikbaar gestel.

## **5 - 7 Junie 2008**

Versamelaars en stokperdjie expo, Goodwood

Ons is deur die Goodwood Museum uitgenooi om deel te neem aan dié jaarlikse gebeurtenis. Mariana Olivier, Eugene du Toit, Lorraine Fautley en Alta Griffiths het bont gestaan om die stalletjie op te stel en vir die drie dae al die navrae van belangstellendes te hanteer. Hierdie was 'n eerste en daar is nie geweet wat om te verwag nie. Die onderwerp het egter besonder baie belangstelling uitgelok en dit lei natuurlik daartoe dat 'n groter en beter poging in die toekoms sal moet gebeur!

Foto: Eugene du Toit en Lorraine Fautley in gesprek met besoekers in Goodwood.



## **Julie 2008**

Model en speelgoed expo, Parow

Die een ding lei tot die ander... Daarom is ons na die Goodwood uitstalling genooi om 'n stalletjie aan te bied by die Cape Model & Toy Club se uitstalling in Parow. Dieselfde lede plus Fred Deas het ons by die geleentheid verteenwoordig en weer is gevind dat die belangstelling in genealogie lewendig is en dat daar 'n groot behoefte daaraan is om meer oor die onderwerp te wete te kom.

### **30 Augustus 2008**

In a follow-up of the Goodwood and Parow exhibitions, Mariana Olivier's team, including Alta Griffiths, Eugene du Toit, Lorraine Fautley and Simone Kay, also participated in an exhibition at the DF Malan High School in Bellville on 30 August 2008. They report that they found it to be a little more quiet than the previous two exhibitions.

### **25 October 2008**

On Saturday 25 October the team, represented by Alta Griffiths, Lorraine Fautley and Simone Kay represented the branch at the Wheels Festival at Kleinplasia in Worcester. The Wheels Festival is a fundraising event in aid of the Pioneer School, a school for children with learning challenges.

Photo: Lorraine Fautley assists visitors



**16 Desember 2008**

### VISHOEK PROMOSIE

Op 16 Desember 2008 het Mariana Olivier en haar span (insluitende Alta Griffiths, Eugene du Toit, Lorraine Fautley en Simone Kay) deelgeneem aan die laaste uitstalling vir die jaar. Hulle het veral deelgeneem omdat dit in Vishoek aangebied is, en dit nie 'n gebied is waarin ons dikwels sigbaar is nie. Volgens die span het besoekers, beide Afrikaans- en Engelssprekend hulle baie besig gehou - sodanig so dat hulle met baie navrae huius toe is, waarop hulle daarna moes terugvoering gee. Besoekers aan vorige uitstallings het ook opgedaag vir verdere leiding. Met Simone Kay se nuwe skootrekenaar was hulle in staat om aan besoekers te wys hoe brondokumente lyk asook genealogiese sagteware demonstreer.

